Beste ATKV-Klein-Kariba-vakansieganger

Baie welkom by ATKV Klein-Kariba, die juweel van die bosveld! Ons hoop dat u net so baie na hierdie welverdiende vakansie uitgesien het as wat ons as personeelspan daarna uitgesien het dat die vakansieseisoen sal aanbreek, sodat ons u hier kan verwelkom. Ons gaan ons bes doen om hierdie u beste vakansie ooit te maak, en wil ons u sommer dadelik uitnooi om met enige van ons personeel te kom praat sou daar enigiets wees wat ons kan doen om u vakansie-ervaring nog lekkerder en meer onvergeetlik te maak.

Ons is baie trots op ons pragoord, daarom vra ons mooi dat elke besoeker dit sal oppas, skoon en netjies hou. Meld gerus enige gebrekke of tekortkominge by ons aan sodat ons dadelik daaraan kan aandag gee.

Ons wil ook vra dat u uself deeglik van die oordreëls sal vergewis en asseblief daarby sal hou – só verseker ons 'n onvergeetlike vakansie vir almal op die oord. Twee aspekte waarvoor ons baie terugvoer en versoeke ontvang het, is om gazebo's rondom die buiteswembad waar vermaak aangebied word, toe te laat. Dit veroorsaak dat gaste plek hou in die koelte by die swembad, asook dat die wetgewing van geen rook rondom die swembad, behalwe by die aangewese rookareas, nie nagekom word nie. Elkeen se gouigheid geld. Ons laat ongelukkig geen gazebo's rondom die swembad toe nie, en versoek dat slegs strandsambrele gebruik word. Die rookwetgewing sal ook streng toegepas word. Ons vra dat u hierdie twee aspekte sal respekteer en maak staat op u samewerking in die opsig.

Algehele stilte heers vanaf 23:00 op die oord en ons sal geen geraas of musiek duld of aanvaar nie. Gedurende die dag tot en met 23:00 word dit toegelaat, maar slegs op so 'n manier dat net u eenheid of staanplek dit kan hoor en dat dit nie die bure/eenhede in die omgewing steur nie.

Dandre en sy vermaakspan het 'n program vol pret en plesier uitgewerk wat beloof om oud en jonk, gestryk en ongestryk baie genot te verskaf. Selfs die

lekkerste, suksesvolste vakansieprogram hang af van die vakansiegangers se deelname daaraan, en daarom wil ons u aanmoedig om deel te neem. Dit gee ouers die geleentheid om saam met hulle kinders te speel en pret te hê, en ek kan jou waarborg dat as jy dit doen, hierdie vakansie een van jou en jou gesin se beste herinneringe sal wees.

Namens die ATKV-topbestuur en die hele ATKV Klein-Kariba-personeelspan wil ons dankie sê vir jul onvoorwaardelike ondersteuning aan ons oord en die ATKV; ons waardeer dit opreg en sou dit nie sonder julle kon doen nie.

Waar's dit lekker...? Hier's dit LEKKER!!

Vriendelike Klein-Kariba groete

Bradley Rawlins

Oordbestuurder

Ontvangs	
Maandag tot Donderdag	08:00-17:00
Vrydag	08:00-18:00
Saterdag	08:00-13:00
Sondag	08:00-15:00
Inligting Sentrum	
Maandag tot Sondag	08:00-17:00
Sondag 8 Oktober	08:00-15:00
Winkel	
Maandag tot Saterdag	08:00-20:00
Sondae	08:00-17:00
Drankwinkel	
Maandag tot Saterdag	10:00-20:00
Sondae	Gesluit
Camp Master Winkel	
Maandag tot Saterdag	10:00-17:00
Sondae	10:00-17:00
Gesluit tydens beurtkrag	
Koswerf Restaurant	
Maandag tot Saterdag	08:00-20:00
Sondae	08:00-14:00
Ontbyt daagliks	08:00-11:00 Buffet beskikbaar
Dameskroeg/Ladies Bar	
Maandag tot Saterdag	10:00-20:00
Sondae	10:00-14:00
Kits-Koswerf Kiosk	
Maandag tot Saterdag	09:00-17:00
Sondae	09:00-17:00
Sondag 8 Oktober	09:00-16:00
Maandag 9 Oktober	Gesluit

Vrydag 29 September 2023		
08:00-17:00	Die gaste teken in en word verwelkom.	Ontvangs
	Hartlik welkom by Koswerf: Jou eenstop-gunstelingaanbod vir kos en drankies. Verwag hierdie vakansie sonnige someraanbiedings, *à la carte*-geregte en buffetontbyte. Moenie die Kits-Koswerf Kiosk misloop vir wegneemetes langs die swembad nie.	Koswerf Restaurant & Kits-Koswerf Kiosk
14:00-20:00	**À la carte-spyskaart en dameskroeg:** Pizza met 'n lekker melkskommel of 'n skemerkelkie is al wat kort op 'n Vrydag aand! Loer in vir 'n Magrieta, Stiekie Hoender, Bolognaise of 'n Koswerf Koning. Ons het ook Sonskyn, Pikante of selfs 'n Vegetariese pizza, of probeer gerus ons nuwe Russiese worsie- of Kaasplaas-pizza.	Koswerf Restaurant
Saterdag 30 September 2023		
08:00-11:00	**Koswerf-buffetontbyt:** Van vars vrugte, muesli en jogurt tot omelette en spek met heerlike tuisgebak, koffie en sap ingesluit – ons ontbyt buffet kan daagliks geniet word.	Koswerf Restaurant
09:00-18:00	**Wegneemetes en Chip 'n Dip:** Lekkernye vir jonk en oud om te geniet om die swembad of om saam te neem na jou gunstelling area op die oord.	Kits-Koswerf Kiosk
09:00	**Die vermaakwa is op pad!** Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00	**Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog

11:00	**Kinderkaperjolle:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
14:00	**Ga-vi-goud:** Geniet 'n opwindende spel van Ga-vi-goud en kyk wie ons groot wenner van die dag is.	Dairymaid-verhoog
16:00	**Kariba-sport:** Vlugbal vir al die hoërskoolleerders en ouer.	Vlugbalbaan
19:00-22:00	**Kariba-dans:** Al lankal lus vir skoffel? Vanaand kuier en dans ons 'n hond uit 'n bos uit!	Kariba-saal
12:00 -20:00	**À la carte-spyskaart en dameskroeg:** Slaaie vars van die Koswerf-kombuis, hoender of vis, en vir die karnivore lekker GROOT burgers, steaks of ligter etes en 'n lekkerny vir die soettand. By Koswerf is die kos altyd op die tafel en daar is ietsie vir elkeen.	Koswerf Restaurant

Sondag 1 Oktober 2023

08:00 -14:00	**Klein-Kariba-ontbyt en middagete!** Bacon, eiers en *jam* op *toast*, maar ons stop nie daar nie, daar is omellete... daar is tuisgebak met kaas... daar is selfs vrugte, koffie en sap! Buffetontbyt beskikbaar tot 12:00 en ons *à la carte*-spyskaart tot 14:00.	Koswerf Restaurant
09:30	Rustige musiek by die swembad.	Dairymaid-verhoog
09:00-17:00	**Wegneemetes en Chip 'n Dip:** Chip Twisters, beesvleis- of hoenderburgers en 'n verskeidenheid broodjies, Weense of Russiese worsies, cappuccinos en Eskimo Joe-ysdrankies, iets vir elke smaak by die Koswerf Kiosk.	Kits-Koswerf Kiosk

18:30	**Buitelugfilmvertoning:** Dis fliekaand onder die sterre. Bring jul komberse, kussings en natuurlik eet- en drinkgoed.	Dairymaid-verhoog

Maandag 2 Oktober 2023		
08:00-11:00	**Brêkfis:** Ons buffetontbyt is daagliks beskikbaar tot 11:00, maar onthou ook ons Koswerf-ontbyt – lekker muesli en joghurt of 'n vinnige, heerlike brêkfis *bun* as jy nog nie so honger is nie. Die Kits-koswerf Kiosk maak weer 09:00 oop vir lekkernye.	Koswerf Restaurant
09:00-12:00	**Teikenskiet teen R50 per beurt:** Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligtingsentrum
09:00	**Die vermaakwa is op pad!** Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00	**Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	**Kinderkaperjolle:** Hier wag baie pret vir almal.	Dairymaid-verhoog
14:00	**Kariba-koors:** Eenminuutuitdagings vir die blitsiges. Wys wat jy in net een minuut kan doen.	Dairymaid-verhoog
18:00	**Koesbal (*Dodgeball*):** Al die hoërskoolleerders en dié wat ouer is, kan deelneem. Wie gaan ons koesbalkampioen wees?	Dairymaid-verhoog

12:00-20:00	**À la carte-spyskaart en dameskroeg:** Ons bederf julle op die ware Koswerf-manier. Geniet 'n Koswerf-steak of 'n Koswerf-hoenderschnitzel. 'n Verskeidenheid tramezzinis en wafels met roomys en stroop is terug op die spyskaart en ons het selfs gegeurde cappucinnos en koeksisters!	Koswerf Restaurant
Dinsdag 3 Oktober 2023		
08:00-11:00	**Bôbaas-buffetontbyt:** Begin jou dag reg met vrugte, jogurt en graankosse. Bou jou eie omelette en geniet 'n wye verskeidenheid bygeregte. Geniet koffie, tee en sap saam met 'n gebakte bederfie, alles ingesluit by ons buffetontbyt, beskikbaar tot 11:00.	Koswerf Restaurant
09:00	**Die vermaakwa is op pad!** Luister wat alles vandag gebeur by die oord.	Oord
09:00-12:00	**Rotsklim en abseil:** Kom wys jou staal teen R40 per beurt.	Grasland
10:00	**Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	**Kinderkaperjolle:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
15:00	**Kariba-sport:** Raakrugby vir al die hoërskoolleerders en ouer.	Grasland

18:00-20:00	**Karaoke-aand:** Vanaand sing en kuier ons in die Koswerf Restaurant. Ons het 'n splinternuwe reeks skemerkelkies. Kom geniet 'n Lentestorm of 'n Blouwildebees, Strandstreke of Perskereën. Vir onder 18's is daar 'n Brandblusser en 'n Bloubessievreugde. Peuselmandjies, pizzas en vele meer is beskikbaar om honger magies vol te maak.	Koswerf Restaurant
	Woensdag 4 Oktober 2023	
09:00	**Die vermaakwa is op pad!** Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
09:00-18:00	**Wegneemetes en Chip 'n Dip**: Roosterbroodjies propvol vulsels, Chip 'n Dip Maxis en Midis, pizzas met lekker baie kaas, draairoomys en vele meer om aan te smul sonder om 'n oomblik van die vermaak om die swembad te mis.	Kits-Koswerf Kiosk
09:00-12:00	**Teikenskiet teen R50 per beurt:** Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligtingsentrum
10:00	**Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	**Kinderkaperjolle:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
14:00	**Deuntjie vir Deuntjie:** Hoe goed is jou musiekkennis regtig? Kom toets jouself.	Dairymaid-verhoog
16:00	**Kariba-sport:** Aksienetbal vir al die hoërskoolleerders en ouer.	Netbalbaan

19:00	**Naggholf:** Neon gholf in die aand. Kom speel nege gaatjies saam ons en kyk wie kry die laagste telling.	Gholfbaan
12:00-20:00	**À la carte-spyskaart en dameskroeg:** Ons het ietsie vir die karnivoor en ietsie van die see, slaai, pizzas, pastas en 'n groot verskeidenheid broodjies en ligter etes, en natuurlik ietsie vir die jongspan ook en verrassings vir die soettand!	Koswerf Restaurant
Donderdag 5 Oktober 2023		
07:00	**Staproete:** Ervaar Klein-Kariba se wildlewe en verbreed jou natuurkennis. Kry jou stapskoene, kamera en natuurlik genoeg water.	Inligtingsentrum
08:00-11:00	**Klein-Kariba-ontbyt!** Vergeet van die potte en panne, sluit by ons aan vir die belangrikste ete van die dag en maak die gaaitjies vol voor die volgende avontuur begin. Die Kiosk bederf jou met lekkerny vanaf 09:00 en ons *à la carte*-spyskaart is beskikbaar tot 20:00 vanaand.	Koswerf Restaurant
10:00	**Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
09:00	**Die vermaakwa is op pad!** Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
09:00-12:00	**Rotsklim en abseil:** Kom wys jou staal teen R40 per beurt.	Grasland

11:00	**Kinderkaperjolle:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
14:00	**Kragpaartjie:** Wie is Klein-Kariba se superpaartjie? Inskrywings vanaf 13:00.	Vertrekpunt: Agter ontvangs
	Vrydag 6 Oktober 2023	
08:00-11:00	**Klein-Kariba Ontbyt:** Moenie die lang dag op 'n leë maag trotseer nie. Ons buffetontbyt en *à la carte*-ontbytopsies wag om vir jou krag te gee!	Koswerf Restaurant
09:00-12:00	**Teikenskiet teen R50 per beurt:** Kyk of jy sommer so op pad swembad toe al vyf teikens kan plat skiet.	Inligtingsentrum
09:00	**Die vermaakwa is op pad!** Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00	**Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog
11:00	**Kinderkaperjolle:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
13:00	**Glybaanresies:** Ons kyk wie se boude die vinnigste gly! Vir almal met gladde boude.	Waterglybaan
16:00	**Kariba-sport:** Vlugbalkompetisie	Vlugbalbaan
12:00-20:00	***À la carte*-spyskaart en dameskroeg:** Met al die opwinding is daar nie tyd vir kook of braai nie. Kom	Koswerf Restaurant

	geniet iets nuuts op die spyskaart by Koswerf. Ons het vis en calamari, groente en slaai, heerlike gekrummelde hoendervlerkies en 'n romerige basiliepestohoenderpasta. Vir die soettand – bruintjies of malvapoeding met roomys of 'n melktertbederf. Geniet 'n skemerkelkie of 'n Koswerf-pedro of 'n gesoutekaramelmelkskommel en 'n pragtige uitsig oor die waterval.	
	Saterdag 7 Oktober 2023	
08:00-11:00	**Koswerf-buffetontbyt:** Van vars vrugte, muesli en jogurt tot spek en eiers, omelette met heerlike bygeregte en tuisgebak, koffie en sap is ingesluit. Kom geniet 'n heerlike buffetontbyt saam met ons en onthou, ons buffetontbyt kan daagliks geniet word.	Koswerf Restaurant
09:00-18:00	**Wegneemetes en Chip 'n Dip:** Vanaand gaan ons braai, maar daar is nog tyd vir 'n sappige burger, geroosterde broodjie, pizza om te deel, of natuurlik Chip 'n Dip met n lekker sousie. Moenie die kans laat verbygaan vir 'n Chip Twister of 'n Eskimo Joe-ysdrankie nie. Probeer gerus die waatlemoen- en rooipomelogeure! Onthou, die restaurant en dameskroeg is oop tot 20:00 met ons *à la carte*-spyskaart om van te kies en te keur.	Kits-Koswerf Kiosk
09:00	**Die vermaakwa is op pad!** Luister wat als vandag by die oord gebeur.	Oord
10:00	**Karnalliepret:** Ons nooi al die voorskoolse en laerskoolmaatjies om vandag lekker speletjies saam met ons te speel.	Dairymaid-verhoog

11:00	**Kinderkaperjolle:** Dis sport, speletjies en plesier vir almal – gesinsvermaak uit die boonste rakke.	Dairymaid-verhoog
14:00	**Ga-vi-goud:** Geniet 'n opwindende spel van Ga-vi-goud en kyk wie is ons groot wenner van die dag.	Dairymaid-verhoog
18:00	**Bring en braai:** Klein-Kariba voorsien die vure, musiek en lekker atmosfeer. Moet dit nie misloop nie.	Dairymaid-verhoog
Sondag 8 Oktober 2023		
08:00-14:00	**Klein-Kariba-ontbyt en middagete!** Begin jou dag reg met vrugte, jogurt en graankosse. Bou jou eie omelette, en geniet 'n wye verskeidenheid bygeregte. Geniet koffie, tee en sap saam met 'n gebakte bederfie, alles ingesluit by ons buffetontbyt, beskikbaar tot 12:00. *À la carte*-spyskaart word bedien tot 14:00. Laaste kans vir lekkernye en wegneemetes by die Koswerf Kiosk, ons is oop tot 16:00	Koswerf Restaurant
09:30	Rustige musiek by die swembad.	Dairymaid-verhoog

RWB-skedule vir die vakansie: Alle wedstryde word in Na Donker uitgesaai en op 'n groot skerm langs die Dairymaid verhoog by die swembad.

FRIDAY, 29 SEPTEMBER				
NEW ZEALAND		21:00		ITALY

SATURDAY, 30 SEPTEMBER				
ARGENTINA		15:00		CHILE
FIJI		17:45		GEORGIA
SCOTLAND		21:00		ROMANIA

SUNDAY, 1 OCTOBER				
AUSTRALIA		17:45		PORTUGAL
S. AFRICA		21:00		TONGA

THURSDAY, 5 OCTOBER				
NEW ZEALAND		21:00		URUGUAY

FRIDAY, 6 OCTOBER				
FRANCE		21:00		ITALY

SATURDAY, 7 OCTOBER				
WALES		15:00		GEORGIA
ENGLAND		17:45		SAMOA
IRELAND		21:00		SCOTLAND

SUNDAY, 8 OCTOBER				
JAPAN		13:00		ARGENTINA
TONGA		17:45		ROMANIA
FIJI		21:00		PORTUGAL

Tel: (014) 736-9800 **E-pos:** kariba@atkv.org.za **www.klein-kariba.co.za**